

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES-AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



UITGAVE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Donderdag, 2 Augustus 1956.

WINDHOEK

Thursday, 2nd August, 1956.

No. 2020.

INHOUD

CONTENTS

ORDONNANSIE:—

Bladsy

Page

*No. 20. Wysigingsordonnansie op Wapens en Ammunisie 1956 822

ORDINANCE:—

*No. 20. Arms and Ammunition Amendment Ordinance, 1956 822

* Oorgepubliseer met verbeterings.

* Republished with Corrections.

No. 20 van 1956.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die „Wapens en Ammunisie Proklamasie 1938“.

(Goedgekeur 6 Julie 1956.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel twee van die „Wapens en Ammunisie Proklamasie 1938“ (hierna heet dit die hoofproklamasie) word hierby gewysig—

(a) deur sub-artikels (2), (3), (4), (5) en (6) deur die onderstaande sub-artikels te vervang:—

„(2) 'n Invoerpermit kragtens sub-artikel (1) uitgereik aan iemand wat die Gebied binnekom en in besit is van die wapen in die permit beskryf, het gedurende 'n tydperk van agt-en-twintig dae vanaf die datum van uitreiking daarvan, ook regskrag asof dit 'n lisensie is wat kragtens sub-artikel (2) van artikel vier vir bedoelde wapen uitgereik is.

(3) 'n Magistraat of ander voormelde amptenaar kan aan iemand wat die Gebied binnekom om tydelik daarin te vertoef, 'n besoekersinvoerpermit uitreik, wat aan die houer daarvan die reg verleen om enige in die permit beskrewe wapen en ammunisie in die Gebied in te voer en wat gedurende die tydperk van die houer se wettige verblyf in die Gebied, maar hoogstens ses maande vanaf die datum van uitreiking van die permit, ook regskrag het asof dit—

(a) 'n lisensie is wat kragtens sub-artikel (2) van artikel vier vir bedoelde wapen uitgereik is; en

(b) 'n permit is wat kragtens sub-artikel (1) van hierdie artikel uitgereik is vir die uitvoer van bedoelde wapen en ammunisie;

Met dien verstande dat bedoelde permit verval wanneer die houer daarvan die Gebied verlaat.

(4) 'n Magistraat of ander voormelde amptenaar kan aan enigemand 'n reter-uitvoerpermit uitreik wat aan die houer daarvan die reg verleen om enige in die permit beskrewe wapen en ammunisie uit die Gebied uit te voer en wat, gedurende 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van uitreiking daarvan, ook regskrag het asof dit 'n permit is wat kragtens sub-artikel (1) van hierdie artikel uitgereik is vir die invoer van bedoelde wapen en ammunisie.

(5) 'n Magistraat of ander voormelde amptenaar kan 'n aansoek om enige permit wat in hierdie artikel vermeld word, na goedgekenke weier, maar as hy dit doen, kan die applikant hom op die Administrateur betrek wat die weiering kan bekrachtig of gelas om die aangevraagde permit uit te reik of onvoorwaardelik of op die voorwaardes wat die Administrateur bepaal.

No. 20 of 1956.]

ORDINANCE

To amend the Arms and Ammunition Proclamation, 1938.

(Assented to 6th July, 1956.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section two of the Arms and Ammunition Proclamation, 1938 (hereinafter referred to as the principal Proclamation), is hereby amended—

(a) by the substitution for sub-sections (2), (3), (4), (5) and (6) of the following sub-sections:—

“(2) An import permit issued in terms of sub-section (1) to a person who enters the Territory and is in possession of the arm described in the permit shall, during a period of twenty-eight days as from the date of issue thereof, have effect also as if it were a licence issued in terms of sub-section (2) of section four for the said arm.

(3) A magistrate or other officer as aforesaid may issue to a person who enters the Territory for temporary sojourn therein, a visitor's import permit which shall entitle the holder thereof to import into the Territory any arm and ammunition described in the permit and which shall, during the period of the holder's lawful sojourn in the Territory, but not exceeding a period of six months as from the date of issue of the permit have effect also as if it were—

(a) a licence issued in terms of sub-section (2) of section four for the said arm; and

(b) a permit issued in terms of sub-section (1) of this section for the export of the said arm and ammunition;

Provided that the said permit shall lapse when the holder thereof leaves the Territory.

(4) A magistrate or other officer as aforesaid may issue to any person a return export permit which shall entitle the holder thereof to export from the Territory any arm and ammunition described in the permit and which shall, during a period of twelve months as from the date of issue thereof, have effect also as if it were a permit issued in terms of sub-section (1) of this section for the import of the said arm and ammunition.

(5) A magistrate or other officer as aforesaid may in his discretion refuse an application for any permit mentioned in this section but if he does so the applicant may appeal to the Administrator who may confirm the refusal or direct the magistrate or other officer concerned to issue the permit applied for, either unconditionally or on such conditions as the Administrator may determine.

(5) *bis.* Elke in hierdie artikel vermelde permit word kosteloos uitgereik, moet in die voorgeskrewe vorm wees, moet die tipe, kaliber, fabrikaat en fabrikants-vervolgnommer van elke wapen en die hoeveelheid, kaliber en soort van alle ammunisie wat daarkragtens in- of uitgevoer kan word, aangee en moet enige ander moontlik voorgeskrewe besonderhede bevat.

(5) *ter.* Die Administrateur kan te eniger tyd 'n permit kragtens hierdie artikel uitgereik, intrek; en

(b) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikels by te voeg:—

„(8) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie artikel, is niemand verplig nie—

(a) om 'n uitvoerpermit te verkry vir die uitvoer uit die Gebied na die Unie van enige ammunisie of enige wapen ten opsigte waarvan hy kragtens hierdie Proklamasie of kragtens een of ander wet wat in die Unie van krag is, gelisensieër is; of

(b) om 'n invoerpermit te verkry vir die invoer in die Gebied uit die Unie van enige ammunisie of enige wapen ten opsigte waarvan hy kragtens hierdie Proklamasie of kragtens een of ander wet wat in die Unie van krag is, gelisensieër is.

(9) Wanneer iemand 'n wapen ten opsigte waarvan hy 'n lisensie het, wat kragtens een of ander wet uitgereik is wat in die Unie van krag is, in die Gebied uit die Unie invoer, het sodanige lisensie gedurende die tydperk van so iemand se verblyf in die Gebied maar hoogstens ses maande vanaf die datum van invoer van sodanige wapen, regs-krag in die Gebied asof dit 'n lisensie is wat kragtens sub-artikel (2) van artikel vier vir bedoelde wapen uitgereik is.”

2. Artikel vier van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) die uitdrukking „sub-artikel (3)” deur die uitdrukking „sub-artikel (5)” te vervang.

3. Die onderstaande artikels word hierby na artikel vyf-en-twintig van die hoofproklamasie ingevoeg:—

25 *bis.* (1) Niemand mag wapens vervaardig nie, behalwe—

(a) in 'n fabriek wat kragtens die Ordonnansie op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk 1952 (Ordonnansie 34 van 1952), geregistreer is; en

(b) kragtens skriftelike magtiging van die Administrateur en in ooreenstemming daarmee.

(2) So 'n magtiging kan onderhewig gemaak word aan sodanige bedinge, voorwaardes en beperkings met betrekking tot die vervaardiging, merk, hantering, berging en van die hand sit van wapens (met inbegrip van bedinge en voorwaardes met betrekking tot die hou van registers en die verstrekking van opgaves) wat die Administrateur wenslik ag.

(3) Die Administrateur kan te eniger tyd enige magtiging wat kragtens hierdie artikel verleen word, wysig en kan te eniger tyd so 'n magtiging intrek as hy op grond van 'n verslag deur 'n magistraat oortuig is dat die houder daarvan nie meer 'n geskikte persoon is om so 'n magtiging te hou nie.

25 *ter.* Enige magistraat of polisiebeampte en enigemag deur die Administrateur daartoe gemagtig kan te eniger tyd enige perseel betree wat as 'n fabriek vir die vervaardiging van ammunisie of wapens gebruik word en daarop die nodige handelinge verrig om vas te stel of sodanige vervaardiging in ooreenstemming met die Administrateur se magtiging ingevolge artikel vyf-en-twintig of vyf-en-twintig *bis* geskied.”

(5) *bis.* Every permit mentioned in this section shall be issued free of charge, shall be in the prescribed form, shall specify the type, calibre, make and manufacturers' serial number of each arm and the quantity, calibre and class of all ammunition which may in terms thereof be imported or exported and shall contain any other particulars which may be prescribed.

(5) *ter.* The Administrator may at any time cancel any permit issued in terms of this section;” and

(b) by the addition at the end thereof of the following sub-sections:—

“(8) Notwithstanding anything to the contrary in this section contained, no person shall be required to obtain—

(a) an export permit for the exportation from the Territory to the Union of any ammunition or any arm in respect of which he is licensed under this Proclamation or under any law which applies in the Union; or

(b) an import permit for the importation into the Territory from the Union of any ammunition or any arm in respect of which he is licensed under this Proclamation or under any law which applies in the Union.

(9) When any person imports into the Territory from the Union any arm in respect of which he holds a licence issued under any law which applies in the Union, such licence shall during the period of such person's residence in the Territory, but not exceeding a period of six months as from the date of importation of such arm, have effect in the Territory as if it were a licence issued in terms of sub-section (2) of section four for the said arm.”

2. Section four of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution in sub-section (2) for the expression “sub-section (3)” of the expression “sub-section (5)”.

3. The following sections are hereby inserted in the principal Proclamation after section twenty-five:—

25 *bis.* (1) No person shall manufacture arms except—

(a) in a factory registered under the Factories, Machinery and Building Work Ordinance, 1952 (Ordinance 34 of 1952); and

(b) under the written authority of the Administrator and in accordance therewith.

(2) Any such authority may be made subject to such terms, conditions and restrictions relating to the manufacture, marking, handling, storage and disposal of arms (including terms and conditions relating to the keeping of registers and the rendering of returns) as the Administrator may deem desirable.

(3) The Administrator may at any time vary any authority granted under this section and may at any time cancel any such authority if he is satisfied, upon a report by a magistrate, that the holder thereof is no longer a suitable person to hold such an authority.

25 *ter.* Any magistrate or policeman and any other person authorised thereto by the Administrator may at any time enter any premises used as a factory for the manufacture of ammunition or arms and perform such acts thereon as may be necessary in order to ascertain whether such manufacturing is taking place in accordance with the Administrator's authority in terms of section twenty-five or twenty-five *bis*.”

„Inspeksie van ammunisie fabriek en wapen-fabriek.”

“Inspection of ammunition factories and arms factories.”

4. Artikel *sewen-en-twintig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) na die woord „handelaars” die woorde „of gemagtigde vervaardigers” in te voeg; en
- (b) deur in sub-artikel (2) na die woord „handelaar” die woorde „of gemagtigde vervaardiger” in te voeg.

5. Artikel *negen-en-twintig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig—

- (a) deur in paragraaf (e) na die woord „Proklamasie” die woorde „of van ’n regulasie wat kragtens artikel *drie-en-dertig* uitgevaardig is,” in te voeg en deur aan die end van daardie paragraaf die woord „of” by te voeg;
- (b) deur na paragraaf (c) die volgende paragraawe in te voeg:—
 - „(f) wetens ’n valse verklaring doen met die doel om, hetsy vir homself of iemander anders, ’n lisensie, permit of magtiging kragtens hierdie Proklamasie te verkry; of
 - (g) ’n gemagtigde vervaardiger is en die bedinge, voorwaardes of beperkings onderworpe waaraan die magtiging om wapens of ammunisie te vervaardig, aan hom verleen is, oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen.”;
- (c) deur in paragraaf (i) die uitdrukking „paragraaf (a) of (b)” deur die uitdrukking „paragraaf (a), (b), (f) of (g)” te vervang; en
- (d) deur in paragraaf (iii) na die woorde „word nie” die woorde „of van ’n regulasie wat kragtens artikel *drie-en-dertig* uitgevaardig is” in te voeg.

6. Artikel *drie-en-dertig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig—

- (a) deur aan die end van paragraaf (c) die woorde „en dat die gelde vir ’n lisensie vir ’n wapen ten opsigte waarvan die applicant ’n lisensie het wat kragtens een of ander wet uitgereik is wat in die Unie van krag is, nie meer as twee sjilinge en ses pennies mag bedra nie;” by te voeg; en
- (b) deur aan die end daarvan die volgende paragraawe by te voeg:—
 - „(e) die tydperk waarvoor ’n in artikel *twee* vermelde permit uitgereik kan word en die omstandighede waaronder so ’n permit nie meer geldig is nie;
 - (f) die omstandighede waaronder ’n ingevolge artikel vier uitgereikte lisensie, op versoek van die houder daarvan ingetrek kan word en die daarvoor betaalde gelde terugbetaal kan word;
 - (g) die inlewering van en beskikking oor permitte of lisensies wat kragtens hierdie Proklamasie uitgereik is en wat ingetrek of opgeskort is of wat nie meer geldig is nie;
 - (h) die registrasie van gewerkmakers, die hou van registers en die verstrekking van opgaaves deur hulle en die voorwaardes waarop hulle hul beroep kan uitoefen.”

7. Artikel *vier-en-dertig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig, deur in paragraaf (g) na die woorde „werk-gewer, ouer,” waar ook al dit voorkom die woorde „stief-ouer, voeg” in te voeg.

8. Artikel *vyf-en-dertig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig—

- (a) deur na die woordomskrif van „wapen” die onderstaande woordomskrifings in te voeg:—
 - „gemagtigde vervaardiger” iemander wat ooreenkomstig hierdie Proklamasie gemagtig is om wapens of ammunisie te vervaardig; en
 - „handel dryf” met betrekking tot wapens of ammunisie, ook die aanname van ’n wapen of van ammunisie as sekuriteit vir die nakoming van ’n verbintenis, as die persoon wat die wapen of ammunisie aanneem dit doen in die uitoefening van sy of sy werkgegewer se sakebedryf, en enige oorhaling van iemand of enige poging om iemand

4. Section *twenty-seven* of the principal Proclamation is hereby amended—

- (a) by the insertion in sub-section (1) after the word “dealers” of the words “or authorized manufacturers”; and
- (b) by the insertion in sub-section (2) after the word “dealer” of the words “or authorized manufacturer”.

5. Section *twenty-nine* of the principal Proclamation is hereby amended—

- (a) by the substitution in paragraph (e) for the word “Proclamation”, of the words “Proclamation or of any regulation made under section *thirty-three*; or”;
- (b) by the insertion after paragraph (e) of the following paragraphs:—
 - “(f) knowingly makes any false statement for the purpose of procuring, whether for himself or for any other person, a licence, permit or authority under this Proclamation; or
 - (g) being an authorized manufacturer, contravenes or fails to comply with the terms, conditions or restrictions subject to which the authority to manufacture arms or ammunition was granted to him”;
- (c) by the substitution in paragraph (i) for the expression “paragraph (a) or (b)” of the expression “paragraph (a), (b), (f) or (g)”;
- (d) by the insertion in paragraph (iii) after the expression “paragraph (i) or (ii)” of the words “or of any regulation made under section *thirty-three*”.

6. Section *thirty-three* of the principal Proclamation is hereby amended—

- (a) by the addition at the end of paragraph (c) of the words “and that the fee for a licence for any arm in respect of which the applicant holds a licence issued under any law which applies in the Union shall not exceed two shillings and six pence”; and
- (b) by the addition at the end thereof of the following paragraphs:—
 - “(c) the period for which any permit mentioned in section *two* may be issued and the circumstances in which any such permit shall cease to be valid;
 - (f) the circumstances in which a licence issued in terms of section *four* may, at the request of the holder thereof, be cancelled and the fee paid therefor refunded;
 - (g) the surrender and disposal of permits or licences issued under this Proclamation which have been cancelled or suspended or have ceased to be valid;
 - (h) the registration of gunsmiths, the keeping of registers and the rendering of returns by them, and the conditions subject to which they may carry on their trade.”

7. Section *thirty-four* of the principal Proclamation is hereby amended by the insertion in paragraph (g) after the word “parent” wherever it occurs of the words “step-parent, guardian”.

8. Section *thirty-five* of the principal Proclamation is hereby amended—

- (a) by the insertion after the definition of “arm” of the following definitions:—
 - “authorized manufacturer” means a person authorized in accordance with this Proclamation to manufacture arms or ammunition; and
 - “deal”, in relation to arms or ammunition, includes the acceptance of an arm or ammunition as security for the fulfilment of an obligation, if the person accepting the arm or ammunition does so in the course of his or his employer’s business and any inducement of any person or any

oor te haal om 'n wapen of ammunisie te verkry, hetsy van die persoon van wie die oorhaling of pging uitgaan of van iemand anders, as die oorhaling of pging as 'n sake transaksie verrig word”;

- (b) deur na die omskrywing van „handelaarslisensie” die volgende omskrywing in te voeg:— „„gewermaker” iemand wat die herstel van wapens as 'n sakebedryf onderneem;”;
- (c) deur na die omskrywing van „magistraat” die volgende omskrywing in te voeg:— „„vervaardig” met betrekking tot wapens, ook die montering van wapens;”.

9. Artikels drie en vier, paragraaf (b) van artikel vyf (vir sover dit voorsiening maak vir die invoeging van paragraaf (g) in artikel negen-en-twintig van die hoofproklamasie, paragraaf (c) van artikel vyf (vir sover dit na paragraaf (g) van artikel negen-en-twintig van die hoofproklamasie verwys) en paragrafe (a) en (c) van artikel agt tree in werking op 'n datum wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

10. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Wapens en Ammunisie 1956.

attempt to induce any person to acquire any arm or ammunition, whether from the person making the inducement or attempt or from any other person, if the inducement or attempt is made as a business;”;

- (b) by the insertion after the definition of “dealer’s licence” of the following definition:— “‘gunsmith’ means a person who undertakes the repair of arms as a business;”;
- (c) by the insertion after the definition of “magistrate” of the following definition:— “‘manufacture’, in relation to arms, includes the assembling of arms;”.

9. Sections three and four, paragraph (b) of section five (in so far as it provides for the insertion of paragraph (g) in section twenty-nine of the principal Proclamation), paragraph (c) of section five (in so far as it refers to paragraph (g) of section twenty-nine of the principal Proclamation) and paragraphs (a) and (c) of section eight shall come into operation upon a date to be fixed by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette*.

10. This Ordinance shall be called the Arms and Ammunition Amendment Ordinance, 1956.